VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

5 Julie	**Gideon Wentink,** Wyk 9
9 Julie	**Berna-Lou Venter,** Wyk 20
	Attie Viljoen, Wyk 3
10 Julie	**Marlene Dreyer,** Wyk 20

Die spesiale kollektes in Julie 2021 gaan vir:

Sondag	4 Julie	**Bybelverspreiding**
Sondag	11 Julie	Klassis Potchefstroom Sustentasiekas
Sondag	18 Julie	Trans Oranje Instituut
Sondag	25 Julie	Teologiese Studentekas

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. (ABSA)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom

DIAKONIE SE KOSKAS is baie leeg

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup of soup, 2 min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottel-goedseep, toiletpapier. ***Baie dankie vir u ondersteuning***.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 24 Sondag 4 Julie 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling van wyk 15 **Fanie Jooste** en wyk 16 **Vakant.**
Diakens: Wyk 15 vakant en wyk 16 **Johann de Waal.**

EREDIENSTE Eredienste waargeneem deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

OGGEND: EREDIENSTE PER WHATSAPP Oggenddiens om 9:30
Skriflesing en teksverse: Psalm 123.
TEMA: ***Wees ons genadig, HERE - ons het meer as genoeg gehad.***
Sing: Psalm 124: 1, 3, 4; Psalm 51: 1; Psalm 121: 1, 4; Skrifberyming 69: 1, 2 (Tema 7 – 2).

Aanddiens om 18:00
Skriflesing: Jakobus 3.
Fokusvers: Jakobus 3: 9 - 12.
Sing: Psalm 34:1, 2, 6; Psalm 19:7; Skrifberyming 28B (Tema 10 – 2).

Kollektes vanoggend: *Diens van Barmhartigheid* in die blou sakkies en vir **Bybelverspreiding** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas*

Name ter approbasie vir die diens van ouderling
Die name van **Thinus Dreyer** en **Jasper Dreyer** word ter approbasie vir die dienswerk van ouderling aan die gemeente voorgehou. Vanoggend en vanaand sal die tweede en derde afkondiging van hulle name wees. Indien die broers die roeping opvolg, sal hulle met die eerste geleentheid bevestig word.

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

LIEF EN LEED

Ons doen nog steeds voorbidding vir **Elmie en Dora Reynecke** wat behandel word vir Covid-19.

Willie van der Walt het 'n prosedure aan albei oë ondergaan. Ons is saam met haar en Gert dankbaar dat dit goed afgeloop het.

Jane Coetsee is die afgelope week in Multisorg opgeneem. Ons bede is dat die Here die behandeling sal seën en beterskap sal gee.

Jeanette Fourie is Woensdag in Mooimed opgeneem. Ons bid ook vir haar spoedige beterskap toe en dink ook aan Corrie en hulle ander dierbares in ons gebede.

Die begrafnis van **Elmarie Coetsee** wat verlede Sondag oorlede is, word eerskomende Dinsdag om 10:00 in die Potchefstroom begraafplaas gehou. Ons betuig weereens ons innige meegevoel met haar dierbares, en bid hulle die troos van ons hemelse Vader toe.
Die begrafnis van Marian Roscher se gewese man Chester, die pa van Clarine, het Vrydag op Klerksdorp plaasgevind. Ons dink ook steeds aan **Marian en Clarine** in ons gebede.

Ons betuig graag ons innige meegevoel met die dierbares van twee emeritusdominees, **Ds Wouter de Vos** en **Dr Gerry Hope**, wat die afgelope week oorlede is. Ons bid hulle dierbares die ryke vertroosting van die Heilige Gees toe.

In hierdie tyd wat **Prof Callie** en **Ds Jannes** ons huisbesoeke moet beperk tot "noodgevalle", versoek ons dat lidmate ons asseblief op hoogte sal hou van enige sodanige gevalle.

UIT KERKVERBAND

Beroepe ontvang

- Ds GM Boersema (Marnix) van GK Graaff Reinet na GK Kroonstad
- Ds W Jobse (Wilhan) van GK Jeffreysbaai na GK Boksburg

Beroepe bedank

- Ds GM Boersema (Marnix) van GK Graaff Reinet na GK Kroonstad

DAGBOEK

Telkommissie 2 vergader Dinsdag om 9:00 in die kerkkantoor om die kontantbydraes vir Junie te tel.

BYBELSTUDIES:

Do	8/07	18:30	Virtueel	Kontak Paul Krüger 076 993 3775 Frieda Theron 078 324 5267

POPIA

In lyn met die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting word lidmate wat nie wil hê dat hulle persoonlike inligting in *Op die Kerkwerf* gepubliseer moet word nie, die kerkkantoor asseblief onverwyld daarvan in kennis stel. In u kennisgewing moet u asseblief ook duidelik stipuleer watter inligting weerhou moet word. Die *Op die Kerkwerf* wat op die webblad geplaas sal word, sal geen kontaknommers of adresse bevat nie, slegs inligting wat die onderlinge meelewing sal bevorder (byvoorbeeld: siekte, sterfte of verjaardae). Indien u nie wil hê dat hierdie inligting elektronies gepubliseer moet word nie, moet u dit asseblief so aan die kerkkantoor deurgee.

Die Kerkblad

Die jongste uitgawe van Die Kerkblad is beskikbaar. Intekenare kan dit Dinsdag tussen 10:00 en 11:00 by die saal kom afhaal. Ander lidmate wat graag wil inteken op die harde kopie of elektronies, is welkom om met Prof Callie 082 337 7951 of Piet Aartsma 083 532 9308 te skakel. Ons doen 'n dringende beroep op ons lidmate om hierdie blad van ons kerke te ondersteun deur in te teken.

Die enige God

Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. *Hy is ewig, onbegryplik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.*